Maandbrief

November 2008

Gemeente kontakbesonderhede:
Pastoor Leon van Rensburg
☎ 021 981 2953 / 021 981 0844 ☽ 072 782 7508
🖷 021 981 2953 ✉ Posbus 122, Brackenfell, 7561
💻 pastoorleon@telkomsa.net 🌍 www.ags-ligenlewe.com

VAN DIE PASTOOR

Liewe gemeente

Die jaar is so te sê verby. Die uitdaging vir elkeen van ons is om die laaste hekkie oor te spring, voordat die jaar behoorlik gesluit kan word. Die probleem waarmee almal van ons sukkel is egter om die regte balans in ons lewe te kry. In vandag se wêreld met sy stywwe pas is dit maklik om perspektief te verloor oor wat regtig belangrik is en nie verward te raak met wat God se wil vir ons is nie. Dit is nie maklik vir enige een van ons om jou persoonlike en professionele lewe te balanseer nie.

As daar nie balans in my lewe is nie loop ek die gevaar van uitbranding. Die vraag is: hoe hanteer ek sekere situasies, soos die druk by die werk sodat dit my nie onder kry nie.

Ek dink gebed speel 'n belangrike rol, want gebed gee jou perspektief rondom situasies en dan dink ek moet 'n mens gaan sit en besluit wat jou lys van belangrike sake is. Die dinge wat jy voel die belangrikste is word eerste geplaas en so vorm jy die lys vir belangrik en onbelangrik. Wees in alle omstandighede dankbaar, wat nie altyd maklik is nie, maar daardeur plaas jy God eerste in 'n saak.

Geniet hierdie laaste deel van die jaar en weet dat volgende jaar 'n nuwe jaar is met 'n nuwe begin. Onthou God is altyd in beheer.

God bless
Past. Leon

Kinderkerk:

Hallo daar al die maats

Ek is so bly om julle almal terug te sien na ‘n lekker vakansie. Julle is almal seker baie bly dat die somer nou hier is. Net so warm soos wat dit daar buite is moet Jesus se liefde ook in ons harte brand.

Maats die skool maak alweer amper klaar en ek wil julle almal aanspoor om hard te werk en alles in te sit in die laaste kwartaal en julle beste by die skool gee, maar ook julle beste vir Jesus.
Die meeste van julle weet al teen hierdie tyd dat ons oor stories praat wat op berge gebeur het met mense en hoe God hulle gehelp het. Maats, dit maak nie saak waarmee julle vandag mag sukkel nie. Al is die probleem so groot dat julle soms net wil huil, wil ek vir julle goeie nuus vertel. Jesus wil al jou probleme oplos want jy is Sy oogappel. Bid net en vra dat Jesus daardie groot berg moet wegneem en Hy sal.

Ons gaan teen die einde van die maand ‘n kinderkerkdiens in die kerk hou en julle moet dit nie mis nie. Nooi al julle maats dat hulle dit saam kom geniet.

Baie lief vir julle almal

Oom Quintin

Nagmaal: 2 November



Seniorontbyt terugvoering:

Op Woensdag, 22 Oktober het al ons seniors 'n ontbyt by die "Green Valley Restaurant" in Tygervallei geniet.

Die oggend het bestaan uit 'n heerlike ontbyt en wonderlike geselskap. Ek glo almal wat dit bygewoon het sal definitief nie die volgende geleentheid misloop nie.

Vroue:

Onthou asb. van ons vroue se afsluiting op Saterdag, 8 November te Conradiestraat 9, Brackenfell om 15:00.

Almal is baie welkom om te kom. Ons gaan by hierdie geleentheid ons nuwe geheime vriendinne vir volgende jaar trek, so as jy daaraan wil deelneem, moet jy daar wees. Al die vroue is egter welkom, al wil jy nie deelneem nie.

Liefde

Mariska

Dagboek:

November 2008

Sondag, 2 November	Nagmaal
Woensdag, 5 November	YES: Hoe sien/ervaar ek God?
Saterdag, 8 November	Vroue & Geheime Vriendinne afsluiting
Woensdag, 12 November	YES: Is God my Vader?
Sondag, 16 November	FAMILIEDAG
Woensdag, 19 November	YES: Wat het Jesus vir my gedoen?
Woensdag, 26 November	YES: Kan God in my bly of leef?
Sondag, 30 November	Kinderkerkdiens